Saterdag **3 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:25-35 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:27-29**

**Wees verwonderd!**

Simeon was een van die mense wat in stilte die Here van harte en met eerbied gedien het. Die wet van die Here was die rigsnoer van sy lewe. Hy het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die gelowiges het verwag dat God die lot van sy volk sal verander deur die verskyning van die Messias. Dié verwagting kom vanaf Jesaja 40:1. Die Heilige Gees was op Simeon. Hy word beskryf as iemand wat besonders naby die Here geleef het. Tog is dit nie Simeon se vroomheid wat lei tot sy vreugde nie ...

Simeon is soos die wagter wat deur die donker ure van die nag gewag het op die verskyning van die "son van redding" (Mal. 4:2). Die wagtyd is nou verby, die Verlosser het gekom. Dís waaroor Simeon juig! Hy juig oor Jesus. Hy prys die Here oor hierdie Lig!

Josef en Maria is dan verwonderd oor wat oor Jesus gesê word. Hierdie verwonderd-wees is nie 'n verwondering in die sin dat hulle verbaas was nie, maar verwonderd oor die grootsheid van die oomblik. Maria en Josef is immers al lankal vertel dat Jesus die Seun van God is. Simeon se loflied, Maria en Josef se verwondering – alles oor Jesus Christus.

Wat van my en jou? Het ons al gewoond geraak aan die verlossing? Het ons geestesoë al aangepas by die Lig? Moenie toelaat dat die grootsheid, die wonder, die genade van die koms van Christus vir jou nie meer besonders is nie!

*Sing: Skrifberyming 1-6:1, 3*

*Ds. DG (Dinant) Zwemstra (Strand)*